
Deur President Thomas S. Monson



# Die Gawe van Bekering

President Thomas S. Monson het geleer: "Ons verantwoordelikheid is om van middelmatigheid tot bevoegdheid te vorder, van mislukking tot sukses." "Ons taak is om ons beste self te word. Een van God se grootste gawes aan ons is die vreugde van weer probeer, want geen mislukking hoef ooit finaal te wees nie."[1]

Ons assosieer die begin van 'n nuwe jaar met voornemens en doelstellings. Ons besluit om te verbeter, te verander en weer te probeer. Dalk is die belangrikste manier waarop ons weer kan probeer, om wat President Monson "die gawe van bekering" noem, aan te gryp.[2]

In die volgende uittreksels uit sy leringe sedert hy die President van die Kerk geword het, gee President Monson hierdie raad "en laat die versoenende bloed van Christus geld sodat ons vergifnis van ons sondes mag ontvang, en ons harte gereinig mag word."[3]

### Die Wonderwerk van Vergifnis

"Ons het almal al verkeerde besluite geneem. Indien ons nog nie sulke keuses reggestel het nie, verseker ek julle dat daar wel 'n manier is om dit te doen. Die proses word bekering genoem. Ek pleit met julle om julle foute reg te maak. Ons Verlosser het gesterf om hierdie geseënde gawe aan jou en my beskikbaar te maak. Alhoewel die pad nie maklik is nie, is die belofte eg: 'Al was jou sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu' [Jesaja 1:18]. 'En Ek, die Here, dink nie meer aan hulle nie' [L&V 58:42]. Moenie jou ewige lewe in gevaar stel nie. Indien jy gesondig het, hoe gouer jy begin om jou pad terug te vind, hoe gouer sal jy die soete vrede en vreugde vind wat saam met die wonderwerk van vergifnis gepaard gaan."[4]

### Keer Terug na die Pad

"Alhoewel dit noodsaaklik is dat ons reg kies, sal daar tye wees wanneer ons dwase besluite sal neem. Die gawe van bekering wat deur ons Verlosser verskaf is, stel ons in staat om ons koersverstellings reg te stel, sodat ons na daardie pad kan terugkeer wat ons na die selestiale heerlikheid sal lei waarna ons soek."[5]

### Die Pad Terug

"Indien enige van julle op julle reis gestruikel het, verseker ek julle dat daar 'n pad terug is. Die proses word bekering genoem. Alhoewel die pad moeilik is, hang jou ewige heil daarvan af. Wat kan meer waardig wees van jou pogings? Ek pleit met julle om hier en nou te besluit om die stappe te neem wat nodig is om volkome te bekeer. Hoe gouer julle dit doen, hoe gouer sal julle die vrede en stilte en versekering kan ondervind waarvan Jesaja gepraat het [sien Jesaja 1:18]."[6]

### Mense Kan Verander

"Ons moet in gedagte hou dat mense wel kan verander. Hulle kan slegte gewoontes oorkom. Hulle kan van oortredinge bekeer. Hulle kan waardige draers van die priesterskap wees. En hulle kan die Here ywerig dien."[7]

**Word Weer Skoon**

"Indien daar enigiets kortkom in jou lewe, is daar 'n uitkomkans vir jou. Hou op met enige ongeregtigheid. Praat met jou biskop. Wat ook al die probleem, dit kan deur opregte bekering opgelos word. Jy kan weer eens skoon word."[8]

**Die Verlosser se Noodsaaklike Rol**

"Noodsaaklik in hierdie plan [van saligheid] is ons Verlosser, Jesus Christus. Sonder sy versoenende offerande, sou alles verlore wees. Dit is nietemin nie genoeg om slegs in Hom en sy sending te glo nie. Ons moet werk en leer, soek en bid, bekeer en verbeter. Ons moet God se wette ken en hulle lewe. Ons moet sy reddende ordinansies ontvang. Slegs deur dit te doen sal ons ware, ewige vreugde ontvang."[9]

**NOTAS**

1. "The Will Within," *Ensign,* Mei 1987, 68.
2. "Choices," *Liahona,* Mei 2016, 86.
3. Mosia 4:2.
4. "The Three Rs of Choice," *Liahona,* Nov 2010, 69.
5. "Choices," 86.
6. "Keep the Commandments," *Liahona,* Nov. 2015, 85.
7. "See Others as They May Become," *Liahona,* Nov. 2012, 68.
8. "Priesthood Power," *Liahona,* Mei 2011, 67.
9. "The Perfect Path to Happiness," *Liahona,* Nov. 2016, 80-81.

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Almal van ons het foute gemaak—slegs deur die gawe van bekering wat deur Jesus Christus se offerande moontlik gemaak is, kan ons van ons sondes gereinig word en ons lewens verbeter. Oorweeg dit om met diegene wie julle leer, te bespreek hoe ons "ons koersverstellings" deur bekering kan regstel. Hoe het hulle al nader aan Hemelse Vader en Jesus Christus gevoel deur die positiewe veranderinge wat hulle in hulle lewens gemaak het? Jy kan diegene wie jy besoek uitnooi om geestelike voornemens vir die nuwe jaar neer te skryf, en om aan 'n vriend, eggenoot of ander familielid verantwoordelik te wees vir hulle vordering.

## JEUG

### Besluit om te Bekeer

President Monson verduidelik dat dit "ons verantwoordelikheid is om van middelmatigheid tot bevoegdheid te vorder, van mislukking tot sukses. Ons taak is om ons beste self te word." Baie mense besluit om in Januarie doelstellings te stel en voornemens van verbetering te maak: om meer te glimlag, gesonder te eet, of om 'n nuwe vaardigheid te leer. Terwyl hierdie doelstellings jou sal help om te verbeter, is die beste manier om te verander deur bekering.

Alhoewel bekering moeilik kan wees, is dit steeds 'n gawe! Soos wat ons op Jesus Christus vertrou deur van ons sondes te bekeer, is dit moontlik vir ons om te groei en te vorder. President Monson het gesê, "Noodsaaklik in hierdie plan [van saligheid] is ons Verlosser, Jesus Christus. Sonder sy versoenende offerande, sou alles verlore wees." Deur bekering kan jy van jou sondes skoon gewas word en jy kan vorder om meer soos Hy te word.

Dink aan iets wat jou dalk mag verhoed om soos die Verlosser te word. Is dit jou taalgebruik? Hoe jy jou vriende of familie behandel? Nadat jy gedink het aan wat jy kan verbeter, bid tot Hemelse Vader en verduidelik jou begeerte om te verander. Onthou dat deur die krag van sy Versoening, kan Jesus Christus jou help om jou swakhede te oorkom. Soos wat President Monson geleer het, kan "Die gawe van bekering wat deur ons Verlosser verskaf is, ons in staat stel om ons koersverstellings te maak."

Terwyl doelstellings vir die nuwe jaar jou sal help om te verbeter, is die beste manier om te verander deur bekering.

Sien ook "Eight Myths about Repentence" by lds.org/go/1186.

## KINDERS

### Bekering is 'n Gawe

Die gawe van bekering is nie 'n gawe wat jy kan sien of aanraak nie. Dit is egter 'n gawe wat jy kan voel. Dit beteken dat wanneer ons 'n verkeerde keuse gemaak het, ons kan bekeer en weer eens vrede en geluk kan voel.

Hemelse Vader en Jesus sal ons altyd help om te bekeer. Teken 'n prentjie om saam met elke stap van bekering te gaan.

Ons voel jammer.

Ons bid tot Hemelse Vader en vertel Hom wat gebeur het, en vra vir sy hulp om die volgende keer 'n beter keuse te maak.

Ons vra om verskoning en probeer om dit beter te maak.

Ons voel vrede en weet dat ons vergewe is.

© 2018 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalings goedkeuring: 6/17
Vertaling van die *First Presidency Message, January 2018.* Afrikaans. 15045 501

# Bly in Kontak met Haar Enige Tyd, Enige Plek, Enige Manier

*Vrouebesoek gaan oor diens. Jesus het enige tyd en enige plek gedien. Ons kan dieselfde doen.*

**Geloof, Familie, Verligting**

Om te "bedien" is om diens, sorg of bystand te gee wat sal bydra tot die gemak of geluk van ander. Vrouebesoek is om maniere te ontdek om diegene wat ons besoek, te dien. Jesus Christus het almal gedien—enige tyd en enige plek. Hy het die 5 000 gevoed, Maria en Martha vertroos tydens die dood van hulle broer, en sy evangelie aan die vrou by die put geleer. Hy het dit gedoen vanweë sy opregte liefde.

Ons kan sy voorbeeld volg en as vrouebesoekers elke suster wat ons besoek leer ken en liefhê, onthou dat liefde die fondasie is van alles wat ons doen. Wanneer ons om inspirasie bid om te weet hoe om haar te dien of haar te help om haar geloof te versterk, sal "die engele nie gestuit kan word om [ons] metgeselle te wees nie."[1]

Vanaf die organisering van die Verligtingsvereniging in 1842 tot vandag, het die bediening van vroue, lewens geseën. Byvoorbeeld, Joan Johnson, 'n 82-jarige weduwee en haar metgesel besoek hulle buurvrou wat 89 is en longontsteking het. Hulle kon sien dat hulle buurvrou hulle nie net een keer 'n maand nodig gehad het nie, hulle het begin om elke week by haar in te loer of om haar te skakel.

Vir ander vrouebesoekers, is die beste ding wat hulle vir 'n suster daardie maand kan doen om 'n bemoedigende boodskappie per foon of e-pos te stuur. Om met 'n houding van liefde te luister en persoonlike verbintenisse te maak, is die kern van vrouebesoek. Moderne tegnologie en tyd-geëerde mens tot mens besoeke help ons om dit enige tyd, enige plek en op verskeie maniere te doen.[2] Dit is bediening, soos Jesus dit gedoen het.

**NOTAS**

1. *Teachings of Presidents of the Church: Joseph Smith* (2007), 454.
2. Sien *Handbook 2: Administering the Church* (2010), 9.5.1.

## *Ter Oorweging*

Hoe kan ons ophou om bekommerd te wees oor "wat tel" as vrouebesoek en eerder fokus op dit wat elke suster van haar vrouebesoekers nodig het?

## *Bediening*

Eerder as 'n spesifieke boodskap elke maand, sal hierdie bladsy 'n verskillende beginsel beklemtoon wat ons sal help om mekaar meer doeltreffend te dien. Soos wat jy bid en inspirasie soek, sal jy die geestelike boodskap en diens herken wat elke suster nodig het.

© 2018 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalings goedkeuring: 6/17
Vertaling van *Visiting Teaching Principles, January 2018.* Afrikaans. 15045 501